

Aktiwiteit 7.1

2. a) Die regisseur
 - b) Drie
 - c) Die paneelbespreking
 - d) Kamera-persone
 - e) Hulle neem die klank op.
 - f) Die sitkamer
 - g) Hy lees koerant
-

Aktiwiteit 7.2

1. Sy is die voorsitter.
 2. Hulle gaan oor die regte en verantwoordelikhede van kinders praat.
 3. Motoriste het die verantwoordelikheid om versigtig te bestuur.
 4. Hulle moet hulle regte en verantwoordelikhede ken.
 5. Kinders moet regverdig en met respek behandel word.
 6. Hy laat sak sy koerant. / Hy vra vrae.
 7. Motoriste moet aan die linkerkant van die pad ry.
 8. Hy is bang dat sy weer in die moeilikheid by onderwysers is.
 9. Ja.
 10. Baie goed.
 11. Haar pa verstaan wat 'n paneelbespreking is.
 12. Hulle moet versigtig wees / bestuur.
-

Aktiwiteit 7.3

1. Ons **praat** nou van goed wat net grootmense **verstaan**.
 2. Die ander leerders **vra** vrae en die paneel moet die vrae **beantwoord**.
 3. Dit **is** baie belangrik.
 4. Ek **wil** ook regte **hê**.
 5. Menzi **sê** hy **het** nie regte nie.
-

Aktiwiteit 7.4

1. Pa sal nooit raai wat gebeur het nie.
 2. Nee, ek kan nie raai nie.
 3. My klasmaats het my gekies.
 4. Kinders moet met respek behandel word.
-

Aktiwiteit 7 .5

1. Lindiwe is **die voorsitter**.
2. Menzi wil ook regte hê. Hy lyk **kwaad**.
3. Die vergadering word **na skool gehou**.

Aktiwiteit 7.6

- My klasmaats het my gekies **om** voorsitter **te** wees...
 - Dan vra die ander leerders daarvoor vrae en die paneel maak beurte **om** dit **te** beantwoord.
 - Dis byvoorbeeld my reg **om** met my motor in die straat **te** ry ...
 - Maar onthou, kinders het ook verantwoordelikhede, soos **om** ander mense ook met respek en en regverdigheid **te** behandel.
 - Probeer **om** regtig kwaad **te** lyk.
-

Aktiwiteit 7.7

Verlede tyd:

1. Ek kon nie geraai het nie.
2. Nou waarom het jy nie so gesê nie.
3. Drie leerders het voor in die klas gesit.
4. Niemand het my met respek behandel nie.
5. Dit was net 'n vergadering wat ons klas gehou het.

Teenwoordige tyd:

1. My klasmaats kies my.
 2. Hulle berei hulleself voor.
 3. Die leerders vra vrae.
 4. Ek wil ok regte hê.
 5. Pa sal nooit raai wat by die skool gebeur het nie.
-

Pa se stem – Antwoorde (Letterkunde)

1. Robert se pa sê: “Dink voor jy praat!”, maar Robert sê aanhoudend goed wat hom in die moeilikheid laat beland.
 2. ‘n Skyfie maan is ‘n klein stukkie maan, soos ‘n skyfie uit ‘n vrug. “Skyfie maan” is ‘n metafoor, want die maan word gelyk gestel aan ‘n skyfie. Die skrywer sê die maan **is** ‘n skyfie. ‘n Vergelyking sou wees die maan is **soos** ‘n skyfie of die maan is **nes** ‘n skyfie.
 3. Robert is bang, maar eintlik is hy baie dapper. Ben praat groot, maar hy is die eintlike bangbroek.
 4. Robert wonder of hy by die huis moet klop en vir die heks vra of hy ‘n foto van haar kan neem. Die spanning bou op tot hy val en daarna is sy eerste gedagte die heks dra ‘n kortbroek. Robert spot ook met homself wanneer hy sê: “Bloed? As ek nie klaar gelê het nie, het ek net daar flou geval.”
 5. Die spanningslyn word goed opgebou en volgehou, Robert word uitgedaag om by die spookhuis in te gaan, hy skrik hom half dood vir die meisie, kuier dan ‘n rukkie by haar wanneer hy uitvind sy is nie ‘n heks nie, en maak daarna voor sy vriende of hy die dapperheid self is. Dan kom die wending van hom wat sy volgende uitdaging aanvaar.
 6. Robert het alweer gepraat sonder om te dink toe hy sê hy is nie bang vir honde nie. Hy was pas uit die moeilikheid, toe haal hy hom die volgende op die hals, want hy sê vir homself hy het hom net verbeel hy hoor sy pa se waarskuwende stem.
 7. Leerder se eie antwoord.
-